Die Voortrekkers

Transvaal
Omsendbrief
Junie 2019

houKOERS!

transvaal.voortrekkers.co.za

7 Junie 2019

Beste voortrekkervriende,

Die Junie-Julie 2019 skoolvakansie wink en dis ongelooflik om te dink dat die tweede skooltermyn verby is. Gelukkig kan Transvaal Voortrekkers uitsien na ‘n besige skoolvakansie met heerlike gebiedskampe wat om die draai is. Waar kamp jy gedurende hierdie skoolvakansie, is dit by die gewilde PD kampe soos, OPD of Swartvlei of as Verkenners by Seejol?. Dit maak nie saak waar nie, solank jy elke oomblik daarvan geniet …

Onthou om die gebiedsdagbestuurslede hartlik te verwelkom as hulle by jou kamp ‘n draai maak …

1. Transvaal Pastorale Raadgewer

Willem Boshoff

Christelike feesdae en Voortrekkerwees

Laat herfs is die tyd wanneer ons Jesus se Hemelvaart herdenk. Vanjaar was dit op Donderdag 30 Mei, waarskynlik amper die laaste datum waarop dié Donderdag kan val. Die datum wissel elke jaar, omdat die Here se Hemelvaart herdenk word veertig dae na sy Opstanding uit die dood wat ons op Paas Sondag herdenk.

Die Paasfees, wat saam val met die Joodse Pasga, word aan die hand van `n maandkalender bereken, nie volgens ons gewone kalender wat op 1 Januarie begin en op 31 Desember eindig nie. Daarom wissel die presiese naweek waarop Paasfees val elke jaar en dit beïnvloed weer die datum waarop ons die Hemelvaart herdenk. In kerke waar die Pinkster gevier word, volg dit vir tien dae op die Hemelvaart om `n hoogtepunt op Pinkstersondag te bereik – die dag waarop die Heilige Gees op die dissipels uitgestort is. Dié jaar val dit op Sondag 9 Junie.

Hemelvaart was voorheen `n openbare vakansiedag in Suid-Afrika, maar dit is nie meer die geval nie. Verskeie van ons buurlande, asook ander lande wêreldwyd, vier Hemelvaart wel nog as `n openbare vakansiedag. Daar is elke kort-kort ook gerugte dat die viering van ander Christelike feesdae (dit is Kersfees en Paas naweek), heroorweeg moet word. Daar is gewoonlik twee redes wat aangevoer word: eerstens dat daar te veel openbare vakansiedae in die Suid-Afrikaanse kalender is en tweedens dat dit die Christendom (en dus Christene) bo ander gelowe (en dus ander gelowiges) bevoordeel. Terloops, Geloftedag, wat nou as Versoeningsdag bekend staan en wat op 16 Desember gevier word, is nie `n Christelike feesdag (in terme van die Kerkjaar) nie. Dit is `n datum uniek aan die Afrikanergeskiedenis en dit is na 1994 so oorgedra, met `n nuwe betekenis en doel, as deel van die jaar se openbare vakansiedae.

Ek wil nie in die debat oor die weg maak van die ander Christelike vakansiedae betrokke raak nie, behalwe om te sê dat Paas Maandag geen Christelike betekenis het nie en dus maar geskrap kan word. Of vakbonde dit sal aanvaar betwyfel ek sterk, maar die periode tussen 21 Maart en 1 Mei is erg gelaai met vakansiedae en dit ontwrig skole, universiteite en besighede elke jaar. Groot winkelsentrums hanteer die probleme eenvoudig deur alle afdae te ignorer en byna elke dag van die jaar oop te bly.

Vir ons as Voortrekkers is Christen wees deel van ons alledaagse mondering. Dit is soms nodig om moeite te doen om ons waardes aan die kinders oor te dra en Hemelvaart dag leen hom goed vir die doel. Die dag het groot waarde vir alle Christene, maar dit het geen amptelike status meer as vakansiedag nie. Ons kan in Kommandoverband of in `n groter Oordverband moeite doen om Hemelvaart te vier. Ek weet van Kommando’s wat dit saam met hulle voedingskole en `n plaaslike Predikant in skool tyd vier. Dit is baie goed. Dan is daar Kommando’s wat by `n plaaslike gemeente se

Hemelvaartdiens inskakel en dit as `n kerkparadegeleentheid gebruik. Dit is ook baie goed. Verder is daar oorde wat dit `n openbare geleentheid maak en met `n fakkel- of liggieloop kombineer en `n diens op `n pawiljoen by `n skool gaan hou. Dan kry dit `n feestelike karakter en dit is `n heerlike geleentheid om in Oordverband bymekaar te kom. Dit werk veral in stedelike oorde, waar die kommando's naby aan mekaar geleë is.

Hoe ons dit ookal doen, moet ons as Voortrekkers moeite doen om betekenis te gee aan die spesiale dae op die Christelike kalender – of hulle amptelike status as vakansiedae het of nie.

2. Gebiedsleier
(Sirkel – Skakel)

Ons bou saam aan ons droom; en hierdie droom sluit onder ander die volgende in:

- Waar nuwe gebiede **Kulturele leierskap** neem
    - Eienaarskap deur beter verteenwoordiging en groter inspraak
    - Ontsluit kundigheid
    - Skep Groei- energie

- Waar nuwe gebiede **Effektiewe stelsels** implementeer
    - Gemeenskapsmodelle gebaseer op jou unieke identiteit
    - Effektiewe en belynde stelsels
    - Koste effektiewe funksionering van besture

- Waar nuwe gebiede **finansieël** sterk staan
    - Volhoubare finansiële voortbestaan
    - Bekostigbaarheid
    - Meer ledegeld vir operasionele vlak
    - Finansiële ondersteuning aan arm gemeenskappe

Deel van hierdie proses is die ondersoek na die bestuurstrukture van Die Voortrekkers. Die nasionale omsendbrief het inligting gegee rakende die herstrukturering van Die Voortrekkers.

Die **HOEKOM** word kortliks as volg opgesom:

- Die Kongres van 2017 het die optimalisering van Die Voortrekkers se bestuurstrukture as een van die prioriteite geïdentifiseer.
- Die huidige struktuur is in baie opsigte hiërargies, lomp, dupliserend en oneffektief.
- Dit hou nie tred met moderne bestuursvereistes nie, min kulturele leiers word ontwikkel en dit skep 'n gemaklike instandhoudingsmodel wat op die oog af veilige ruimtes bied, maar op die langtermyn nadelig is vir organisasiegroei.
- Dit is noodsaaklik dat 'n veelheid van diverse stemme op die hoofbestuur verteenwoordig is.
- Afrikaner - Groot demografiese skuiwe.
- Afrikaners se fokus skuif vanaf 'n staatsafhanklikheid na selfdoenoplossings in die gemeenskap.

Die vraag waarmee ons worstel is, watter eietydse kulturele bestuursmodel ons in plek kan plaas wat die volgende kan bereik:

- Skep van nuwe energie en groei.
- Erkenning aan diversiteit van gemeenskappe.
- Versterking van deelnemende besluitneming.
- Skep van geleenthede vir nuwe en meer Voortrekkerleiers om in bestuurstrukture te dien.

Dit is in die lig van die voorgaande dat ons die proses van meerdere gebiede ondersoek. Verandering is nooit maklik nie en dit gaan gepaard met baie vrae en onsekerhede.



Die prentjie beeld uit hoe persone in dieselfde situasie die prentjie deur die venster verskillend kan sien. Die persoon aan die linkerkant, sien die tralies raak; hy fokus op die onmiddellike, sy huidige omstandighede en sien tans nie die moontlikhede buite die tralies raak nie. Die persoon aan die regterkant kyk deur die tralies en sien die berge, huis, bome en paaie raak. Hy kyk verby die huidige struikelblok (tralies) na die toekoms en sien die moontlikhede raak.

Ons word uitgedaag om deur die tralies te kyk en moontlikhede vir Die Voortrekkers raak te sien! Die manier hoe ons na ons omstandighede en uitdagings kyk, sal verskil. Ons moet aanvaar dat almal nie dieselfde prentjie sien nie. Ons moet mekaar ruimte gee om na die groter prentjie te kyk!

Dit is in die menslike aard om verandering teen te staan. Die menslike brein is saamgestel om energie te bespaar. Take wat op ‘n gereelde basis plaasvind, verg min energie en is deel van die onderbewussyn en ons gewoontes. Enige nuwe taak of aktiwiteit verg meer energie en daarom sal die brein altyd poog om na die bekende terug te keer. Ons funksioneer menigmaal in die “oorlewings” modus. Om iets nuut aan te pak vra van ons ‘n doelbewuste opoffering.

Ten einde die bestuurstrukture van Die Voortrekkers en die impak of Die Voortrekkers Transvaal te bespreek het die Gebiedsbestuur gedurende Mei 2019 aangedui dat ons aan die einde van die jaar ‘n gebiedsraad moet hou.

Alle Voortrekkerskommando’s word dus versoek om Saterdag 9 November 2019 te dagboek vir die gebiedsraad. Meer inligting sal mettertyd beskikbaar gestel word.

3. Administrasie

(Stadige verkeer)

Neem asseblief kennis van die nuwe e-pos adresse wat met onmiddellike effek inwerking getree het:

gebiedsleier@transvaal.voortrekkers.co.za vir Zandra Machin, in hoedanigheid as gebiedsleier.

admin@transvaal.voortrekkers.co.za vir Elsa Schnetler, in hoedanigheid as gebiedsekretaris.

kantoor@transvaal.voortrekkers.co.za vir Izelle Ryan, in hoedanigheid as administratiewe beampte.

hartbeesfontein@voortrekkers.co.za vir besprekings te Hartbeesfontein.

debank@voortrekkers.co.za vir besprekings te De Bank.

3.1 Bedanking van lede / Deregistrasie

Om beter kontroles en beheer tussen lidregistrasies en ledegeld betalings te bewerkstellig is daar besluit dat alle lidmaatskap bedankings/deregistrasie deur die Gebiedskantoor hanteer moet word met ingang 2019. Die proses sal dus insluit dat ‘n bedankingsvorm vir alle lede maandeliks asb gestuur moet word aan die Gebiedskantoor wat daarna dit op SAS sal aanteken en afhandel deur die betrokke lede te skuif na gewese lede. AKL Admin’s moet asb nie self hierdie lede skuif nie, maar gebruik maak van die bedankingsvorm wat op die Transvaal webblad beskikbaar is om hierdie aansoek vir deregistrasie vir die jaar deur te stuur vir afhandeling namens die Kommando.

3.2 Lederegistrasies

Baie dankie aan elke AKL Administrasie dagbestuurslid wie sedert die Hoofbestuur se versoek fluks gehelp het om hulle kommando’s se lederegistrasies op datum te kry.

Dit blyk dat van die kommando’s se lederegistrasies nog nie gefinaliseer is nie. Die getalle op SAS en betalings ontvang verskil drasties van mekaar.

Hoofdagbestuur het versoek dat gebiede die lederegistrasies finaliseer. Die Hoofdagbestuur benodig die korrekte ledegetalle vir bestuursinligting, wat onder andere die begroting raak.

Dit sal waardeer word as alle kommando’s alle lid registrasies en betalings nou kan finaliseer. Die kantoorbestuurder sal ook elke kommando kontak vir redes waarom dit nog nie gefinaliseer is nie.

Hoofdagbestuur het dan ook nou versoek dat elke gebied se AGL Administrasie voortaan die registrasie van lede reeds in Januarie van elke jaar begin. Dit is nie nodig om ‘n lid terug te hou totdat sy/haar ledegeld ontvang is nie, m.a.w. hou by die verskillende betaaldatums. Maak asseblief seker dat alle lede se data korrek en volledig is. Dit sluit in kontakbesonderhede soos e-pos adresse, telefoonnommers, mediese besonderhede, spesialisasies, toekennings ens. in.

3.3 SAS

Kommando en oorddagbesture word versoek om seker te maak dat alle lede se korrekte inligting op SAS opgedateer is. Die korrekte inligting aangaande betaling en toegangsregte word vereis deur die ouditeure wanneer finansiële oudit van ons voortrekkerstate gedoen word.

Ons is tans besig om alle kommando’s se SAS inligting te kontroleer. Daar is kommando’s genader om te help met hierdie proses in hulle eie kommando’s.

Alle organiseerders van GGA, GGN en gebiedskampe moet asseblief toesien dat alle inligting (inskrywings en bywonings) van spesialisies korrek op SAS gelaai word. Daarna moet ‘n naamlys na die gebiedskantoor gestuur word vir goedkeuring van die spesialisasies.

3.4 Kommando’s en staatmakergroepe met dalende ledegetalle

Gesprekke is tans onderweg en talle briewe is reeds gestuur in hierdie verband na oordleiers.

Dieselfde proses word tans gevolg met alle staatmakergroepe.

Hoofstuk 14 bepaal onder andere dat die gebiedsdagbestuur ’n span/los veldkornetskap/kommando kan ontbind as (verbatim aanhaling):

2.2.2 Die betrokke liggaam nie meer funksioneer nie;

2.2.3 Die betrokke liggaam nie volgens die grondwet, reglemente en prosedures van Die Voortrekkers optree nie;

2.2.4 Die betrokke liggaam nie meer oor genoegsame lede beskik om 'n behoorlike bestuur soos in die betrokke reglemente bepaal, saam te stel nie.

Die gebiedsdagbestuur kan egter ook ingevolge par.2.3 die volgende besluit neem:

Die betrokke Gebiedsdagbestuur of Hoofdagbestuur kan uit eie beweging of na oorlegpleging met die betrokke liggaam wat nie funksioneer nie, maar waarvoor daar genoegsame bewys bestaan dat die liggaam binne afsienbare tyd weer behoorlik kan funksioneer, daardie liggaam onaktief verklaar en al sy bates en fondse in trust bewaar.

Wanneer 'n Voortrekkerkommando ophou om te bestaan, moet die gebiedsbestuur toesien dat die voorskrifte in verband met ontbinding soos in hoofstuk veertien (14) van die Reglemente omskryf, nagekom word.

Wanneer so 'n liggaam egter ontbind, benoem die betrokke Gebiedsdagbestuur 'n persoon om die ontbindingsaksies te koördineer en dit kan die oordleier wees.

Waar van toepassing is oordleiers tans besig met die nodige gesprekke en hulpverlening aan die kommando's en is in gesprek met AGL Administrasie.

3.5 Die Transvaal webblad

Besoek die Transvaal webblad: https://transvaal.voortrekkers.co.za vir die nuutste nuus.

Ons streef voordurend na uitnemendheid en kan nou spog met nog twee (2) nuwe funksies op die Transvaal webblad:

1. Na die plasing van kennisgewings via die webblad word al daardie kennisgewings nou regstreeks en onnmiddelik uitgestuur na vierduisend agt-en-negentig (4 098) e-posadresse. Indien jy nie enige e-posse ontvang nie, kan jy self registreer. Sien die landingsblad.
2. Loer na die **Dokumente vouer** op die swart balk: Die verskillende dagbestuurportefeuljes se inligting is beskikbaar in die "dropdown" opsie.

Alle GGA/GGN en Gebiedskamp inligting word nog steeds gestoor op drie (3) plekke op die webblad onder Dokumente, Kennisgewings en Gebeurtenisse.

1. **Dokumente:** Alle GGA/GGN/gebiedskampe se inligting (datum, naam en spesialisasies) word gestoor onder Dokumente en in die vouer gebiedsgoedgekeurde aktiwiteite.

2. **Kennisgewings:** Op ons tuisbladsy is die nuutste kennisgewings van elke GGA/GGN/Gebiedskamp waarin onder andere die kampbrief en inskrywingsvorm is. Kliek op die blouskrif vir die genoemde dokumentasie.

3. **Gebeurtenisse:** Die maandelikse kalender van elke GGA/GGN/Gebiedskamp vertoon ook in gebeurtenisse. Hier sien jy weereens die inhoud van elke aktiwiteit se kampbrief.

Soek jy 'n GGA/GGN of 'n gebiedskamp se besonderhede?

Gebruik die soek enjin op die maandelikse gebeurtenis kalender (Dis links bo op die kalender) vir volledige inligting of loer in die GGA/GGN en Gebiedskampe vouer vir 'n kort opsomming.

Het jy geweet dat al die inligting vanaf ons Transvaal webblad en Transvaal Facebookbladsy direk na jou eie kommando en/of oord se FB (groep/bladsy), WhatsApp (individu/groep), telegram, Pinterest en / of twitter rekenings gedeel kan word? Sien die ikone onder aan elke kennisgewing op Transvaal Voortrekkers se webbladsy.

Alle GGA/GGN en gebiedskampe se besonderhede sal op die Transvaal Voortrekkers se webblad geplaas word na ontvang van 'n foto wat die aktiwiteit die beste beskryf en die voltooiing en instuur van die Inligtingsvorm.

3.6 Administrasie en SAS werkswinkel 2019

Die volgende SAS opleidingsdatum is 16 November 2019.

Kontak my gerus met enige behoefte vir Administrasie en SAS opleiding.

4. Finansies en Terreine
(Terreine & Fondse)

4.1 Ledegeld 2019

Die ledegeld betalings vanaf kommando's het in die laaste week van Mei groot spronge gemaak en het ons nou net oor die tweeduisend seshonderd (2 600) lede se betalings gefinaliseer en oorbetaal aan Hoofbestuur. Daar is wel nog baie werk wat gedoen moet word voor ons by die geregistreerde getal soos op SAS aangedui sal kom van sesduisend sewehonderd (6 700) lede.

Baie dankie aan al die Kommando's wat hard gewerk het om ledegeld oor te betaal voor die sperdatum van 31 Mei.

Kommando's word daaraan herinner dat ledegeld betaal na 31 Mei nou soos volg sal wees:

Ledegelde vir 2019	**Sluit aan en betaal van 1 Junie tot en met 30 Junie 2019**	**Sluit aan en betaal vanaf 1 Julie tot en met 31 Oktober 2019**
Jeuglede	R535.00 voortsetting R435.00 nuwe lid	R535.00 voortsetting R220.00 nuwe lid
Staatmakers	R300.00 voortsetting R200.00 nuwe lid	
Offisiere	R535.00 voortsetting R435.00 nuwe lid	R535.00 voortsetting R220.00 nuwe lid
Heemraadslede	R320.00 voortsetting R220.00 nuwe lid	

5. Bemarking
(Groei)

5.1 Korporatiewe Identiteit (KI)

a) Trae Implimentering in Oorde/Kommando's

Baie briewe, bemarkingsmateriaal en aanlyn kennisgewings met "ou" KI word steeds waargeneem. NK-Bemarking versoek dat alle admin/bemarkings persone op Oord/Kommando vlakke asseblief ALLE ou KI van hul rekenaars verwyder ("delete") en seker maak slegs nuwe KI embleme of template is op hul rekenaars gestoor. Die nuwe KI handleiding en template kan afgelaai word by https://voortrekkers.co.za/biblioteek/

b) Probleme ondervind

Tydens ‘n bemarkingswerkswinkel op 1 Junie is probleme met die gebruikersvriendelikheid van die nuwe template (veral die “nie-grafiese ontwerp” template) bespreek. Demonstrasies en oefeninge is gehou om die probleme uit te stryk. “Hoe-om” videos sal gemaak en versprei word oor die gebruik van die template, maar opvolg werkswinkels word ook beplan.

5.2 Sosiale media

a) Begrotings aan Oorde

Oorde word herinner dat hulle twee duisend rand (R2 000.00) beskikbaar het vir geteikende sosiale media plasings.

b) Werkswinkel/s (videos/advertensies ens.)

By die werkswinkel is ook besprekings en demonstrasies gehou hoe om sonder spesiale programmatuur mooi videos en advertensies te maak en om sosiale media te “bestuur”. Opvolg werkswinkels word in verskeie oorde beplan, maar daar word gewerk daaraan om die werkswinkels as ‘n volwasse kursus te ontwikkel. ‘n Verkenner spesialisasie vir “Grafiese Ontwerp” is ook in beplanning.

c) Media plan om bemarking te dryf

AGL Bemarking, TVL het ‘n media-plan templaat ontwikkel vir gebruik deur Oorde/kommandos om hul bemarking strategies oor 12 maande te beplan en dryf. **Dit is NIE nog ‘n verslag wat verwag word om ingevul en teruggestuur te word nie, maar ‘n HULPMIDDEL vir bemarkers om hul jaar te beplan en begrotings toe te ken per geleentheid.** Die Exell templaat sal deur AGL Admin versprei word en ‘n “Hoe-om” video deur AGL Bemarking wat templaat gebruik verduidelik sal ook versprei word.

d) Plasing van Foto’s

Plasing van foto’s van jeuglede op sosiale media bly steeds ‘n groot bekommernis

i. NK het versoek dat alle Gebiede/Oorde/Kommando’s met Webtuistes/FB/Twitter bladsye ens “provisos” moet toon dat ouers onmiddelik mag versoek dat betrokke foto’s verwyder moet word.
ii. Konsep vrywarings vorm: ‘n Uitgebreide konsep vrywarings-vorm is met dank ontvang van Oord Pretoria-Moot en word deurgegee aan alle Oorde/kommando’s vir eie besluit om dit in te sluit by hul lede aansluitings vorms indien hul voel dis nodig.

5.3 90-jaar Fees

Hoofbestuur het besluit op die naweek van 8-10 Januarie 2021 vir die “hoof-fees” en as afskop van die 90-jarige feesvieringe. Onthou asseblief solank hierdie datum!

Die bemarkings komitee is tans besig met beplanning oor die vorm en plek vir die fees en verdere inligting sal later deurgegee word.

5.4 Oom Jakkie en Kuifie se Fietstoer (Pretoria naKaapstad)

Op 17 Augustus 2019 vertrek Oom Jakkie van der Colff op ‘n fietstoer namens Die Voortrekkers vanaf die Voortrekkermonument. Ses-en-dertig (6) dae en twee duisend seshonderd en tien (2 610) kilometer (km) later eindig oom Jakkie op 21 September by die Taalmonument in Paarl. Oom Jakkie het Die Voortrekkers uitgedaag om te probeer om R1 miljoen in te samel tydens die toer. Die reëlingskomitee sal binnekort ‘n fondsinsamelings strategie deurgee na oorde en

kommando's. Die idee is egter dat elke kommando/oord iets reël in sy omgewing rondom fietsry in Augustus en September tot met die aankoms in Paarl. Ons en Kuifie ry 'virtueel' saam met oom Jakkie. Waar moontlik op die roete is dit kommando's of oorde se eie inisiatief om, byvoorbeeld 'n entjie saam met Oom Jakkie te ry met afsien of ontvang. Elke kommando kan die geleentheid gebruik om fondse in te samel na goeddunke vir aanwend terugploeg na sy eie voortrekkers of 'n omgeeprojek in hul plaaslike gemeenskap.

5.5 Projekte rondom renosterbewaring

Kommando's word herinner dat ons steeds voortgaan met ons omgeeprojekte rondom renosterbewaring:

a) **Renoster red is vet pret:** Samel fondse in vir "Care-for-Wild" en ons penkoprenoster "Arthur". Kontakpersoon is Carinda Habig (071 832 5541).

b) **Ondersteuningspakkies vir die teenstropings bewaarders**. Ons maak pakkies op vir die bewaarders. Die eerste 40 pakkies word binne die volgende week of twee afgelaai! Kontakpersone is Carinda Habig of Sonja Ludick (072 373 0700).

c) **Fondsinsameling vir die spoorsny en aanvalshonde.** Veral die "Wildehond", "Jakkals" en "Hiëna" spanne word uitgedaag om die voortou hier te neem! Kontakpersone is Carinda Habig of Chris Herbst (082 578 7678).

6. Penkop en drawwertjie sake

(Leer speel-speel)

Baie welkom aan elke PD offisier en hulle spanne of jy 'n "ou" of nuwe offisier is, weet ons dat julle harte by die kinders is en is ons dankbaar vir elke oomblik wat julle afstaan vir hulle.

6.1 Gebiedskampe

Baie geluk met die gebiedskampe wat die afgelope skoolvakansie plaasgevind het – daar is baie goeie terugvoer ontvang en het die kinders dit baie geniet en geleer. Geluk ook met die hoë gehalte aanbiedinge wat op interessante maniere aan die kinders oorgedra is.

Elke aanbieder se tyd en moeite word waardeer en raakgesien.

6.2 GGA/GGN

Die GGA/GGN dae vir die eerste helfte van die jaar is goed op dreef en word met passie aangebied.

Dankie vir die elektroniese terugvoer van die **offisiere** en **ouers** vanaf die GGA/GGN want daardie inligting word verwerk deur die taakgroep en terugvoer word gegee aan die betrokke kommando. As daar enige probleme gerapporteer word, word dit deur die taakgroep hanteer.

Aansoeke vir 2020 GGA/GGN geleenthede sluit 26 Julie 2019. Maak asb seker dat die nodige vorms die gebiedskantoor betyds bereik.

6.3 Voorslag (Graad 7)

Neem kennis dat slegs 'n jeuglid wat in graad 7 skooljaar is aan die Voorslag proses mag deelneem.
Die kampdatum is 6 – 8 September 2019 te Hartbeesfontein Voortrekkerplaas.
Die uitnodiging en die inskrywingsvorms is beskikbaar.
Die nuwe prospektus en woorde van die liedjies is beskikbaar op die Hou Koers webblad onder PD

Sake.
Sluitingsdatum is 31 Julie 2019 en geen laat inskrywings sal aanvaar word nie.

'Voorslagboekie' te koop by Voriemôl – die boekie is beskikbaar maar die komitee neem nie verantwoordelikheid vir die korrektheid van die boekie nie en moet die werkboeke en offisierehandleidings gebruik word vir voorbereiding van die Voorslag evaluering.

6.4 Werkboeke

Nadat die graad 6 offisierehandleiding beskikbaar gestel is, is die Nasionale komitee besig om die res van die boeke ook op te dateer.

6.5 Spesialisasies

Daar gaan ook gekyk word na die bestaande spesialisasies en die opgradering of aanpassing daarvan. As enige persoon enige voorstelle of aanbevelings het laat weet ons asb. kantoor@transvaal.voortrekkers.co.za

6.6 Penkop en Drawwertjie inligting

Enige navrae rakende PD-sake moet asb gerig word aan kantoor@transvaal.voortrekker.co.za die kantoor sal die navrae na die korrekte persone kanaliseer.

7. Verkennersake
(Produk in wording)

7.1 Presidentsverkenner kamp 2019
Baie geluk aan al die kandidate wat die graad 12 eksamen suksesvol afgelê het.

Baie sterkte aan al die presidentsverkenner kandidate wat gedurende Junie/Julie 2019 die presidentsverkenner afrondingskamp bywoon.

8. Staatmakers
(Apart maar Saam)

8.1 Ondersoek na Staatmakersake

'n Taakspan is saamgestel en na afloop van hul eerste vergadering is die volgende fokuspunte saamgestel:

A) Identiteit
B) Ontwikkeling
C) Funksionering
D) Beperkings

Daar is begin met die ondersoek na fokusarea A (identiteit). Dit behels die definiëring van Staatmakeridentiteit asook die wedersydse verwagtinge tussen staatmakers en Die Voortrekkers.

Die insette van staatmakers en ander belanghebbendes sal nou ingewin word deur middel van vraelyste vir verdere oorweging deur die taakspan.

Beraamde tydlyn vir ondersoek:	
12 Februarie 2019	Tydens die vergadering van 12 Februarie is staatmakerontwikkeling bespreek. Dit sluit hoofsaaklik dienslewering, mentorskap, opleiding en leierskapsontwikkeling in. Daar is ook gekyk na die moontlike daarstel van minimum vereistes in elkeen van hierdie areas.
Maart 2019	Samevatting van fokuspunt B (Ontwikkeling) Bespreking van fokuspunt C (Funksionering)
April 2019	Finalisering van vraelys Verkryging van kontakbesonderhede
Mei 2019	Voltooiing van vraelys deur betrokke partye.
Junie 2019	Verwerking en vergelyking van data met vorige besprekings van taakspan Aanpassing van vorige besprekings waar nodig.
Julie 2019	Opstel van finale verslag en uitkomste, insluitend potensiële risiko's Bepaling van verdere aksies sou verslag en uitkomste goedgekeur word.
Augustus 2019	Afronding, bespreking en eerste verspreiding van verslag
24 Augustus 2019	Voorlê en aanbied van verslag

9. Volwasse sake
(Oplei en toerus)

9.1 Nasionale Offisieresaamtrek 9 – 12 Januarie 2020

- Die Nasionale offisieresaamtrek vind vanaf **9 tot 12 Januarie 2020 te Udolpho**, by die FAK-Rivierplaas, naby Parys plaas.
- Die amptelike program begin Donderdagaand. Die basiese kampkoste is **R150.00** per persoon vir die naweek wat twee (2) aandetes en bykosse vir Donderdagaand insluit. Kampeerders sal uit 'n verskeidenheid van ontbyt en middagetes kan kies en vooraf bespreek, maar dit is opsioneel. Jy kan ook die teetuin besoek óf vir jouself sorg vir die ander etes.
- Daar is **verskillende opsies vir verblyf** beskikbaar: Kampeer vir R10.00 per persoon per nag; Slaaplokaal: R25.00 per persoon per nag en huisies teen R75.00 per persoon per nag.
- Totale kampkoste sal dus afhang van watter tipe akkommodasie jy verkies.
- Die Voriemôl sal ook daar wees.

- Kursusse wat aangebied gaan word
  - Stap en Toer

- Kampleierskonferensie (vir kampbesture),
- Kulturele Leierskap (kommando- en oordleiers),
- Lewenskuns vir tieners,
- Praktiese Spanhantering vir PD's
- Praktiese Spanhantering vir Verkenners.
- Voortrekkers Sing
- Digitale Burgerskap en Entrepreneurskap
- Saterdagmiddag sal daar kort Verrykingskursusse wees

- Daar is 'n georganiseerde program vir kinders vanaf 5 tot 18 jaar. Daar is ook verskillende aktiwiteite waaruit die kinders sal kan kies. By sommige aktiwiteite soos River "rafting" sal daar addisionele koste wees.
- Die wederhelfte kan by die kursus programme inskakel of kies om op uitstappies te gaan, soos om die Bessieplaas te besoek.
- Inskrywings sal elektronies gedoen word. Meer inligting sal op die Voortrekkers se webwerf gelaai word.

9.2 Die Trektou

Heelwat volwassenes het die behoefte gestel vir 'n platform waar ons kan saampraat oor kwessies wat ons almal raak. Die Trektou is een poging om aan hierdie behoefte te voldoen. Dit is 'n nuwe geslote facebook groep vir volwassenes. Om aan te sluit, kliek op die volgende skakel: https://www.facebook.com/groups/Trektou/ Stuur jou naam na Dirk van den Berg 082 418 en ek sal daarna vir jou 'n uitnodiging stuur op facebook.

9.3 Volwasse Sake WhatsApp Groep

As jy enigsins verantwoordelik is vir Volwassenes op Oord of Kommando vlak, is hierdie die whatsapp groep om by aan te sluit. Stuur gerus vir Dirk 'n boodskap na 082 418 9467 saam met jou naam en selfoonnommer en wat jou verantwoordelikheid ten opsigte van volwassenes is en ek sal jou insluit by die groep.

9.4 Opleidingsbehoefte

Behoefte aan spesifieke opleiding in jou Oord of Kommando? Of dalk vir nuwe kursus wat nie tans bestaan nie. Kontak Dirk van den Berg: 082 418 9467 / dirk@helpendehand.co.za

9.5 Spesop Opleiding

Het jy 'n behoefte om betrokke te raak by Volwasse Opleiding? Kontak Dirk van den Berg: 082 418 9467 / dirk@helpendehand.co.za

Vir diegene wat gaan kamp of net bietjie wegbreek saam met die gesin – geniet dit en lekker uitrus!

Geniet julle vakansie tot ons weer gesels.

Voortrekkergroete

Zandra Machin – Gebiedsleier (082 923 5611 - gebiedsleier@transvaal.voortrekkers.co.za)
Elsa Schnetler – AGL Administrasie (082 707 2010 - admin@transvaal.voortrekkers.co.za / elsies1@afrihost.co.za)
Anita Bezuidenhout – AGL Finansies en Terreine (082 451 1549 - anita.bezuidenhout@vodamail.co.za)
Riaan du Preez – AGL Bemarking (076 412 8811 - riaandupreez360@gmail.com)
Anine Wheeler – AGL Penkoppe en Drawwertjies (082 459 7157 - anine.wheeler@sabs.co.za)
Jaco van der Walt – AGL Verkenners (072 312 7722 - jaco.vn.dr.walt@gmail.com)
Dirk van den Berg – AGL Volwassesake (082 418 9467 - Dirk@helpendehand.co.za)